

# ZOÖN

NASIONALE DIERETUIN
VAN
SUID-AFRIKA

SEPTEMBER, 1964.

PRETORIA

Nr. 2

200

# ZOÖN*


## KWARTAALBLAD VAN DIE DIERKUNDIGE VERENIGING VAN DIE NASIONALE DIERETUIN VAN SUID-AFRIKA

**Nr. 2**


## KOMITEE


| | |
|---|---|
| President: | Dr. P. J. DU TOIT |
| Voorsitter: | Dr. D. J. BRAND |
| Sekretaris: | Mnr. A. A. GROENEWALD |
| Addisionele Lede: | Mev. M. BASSON<br>Mnr. N. L. P. VAN DER WALT |
| Hoofredakteur: | Mnr. L. J. SMITH |
| Taaladviseur: | Mnr. A. KIRSIPUU |
| Dokumentasieadviseur: | Mnr. J. F. HERBST |


## INHOUD

Bladsy


Die verspreiding en getalsterkte van die Witrenoster (**Ceratotherium simus Burchell**) en Swartrenoster (Diceros bicornis Linnaeus) in Suidelike Afrika ...... 1

Dieretuin-babas ...... 3

Die rol van die Dieretuin in die Moderne Samelewing ...... 5

Nuwe ontwikkelings ...... 7

Albino's en Albinisme ...... 8

Nuwelinge ...... 9

Ou Veteraan oorlede ...... 10


Het u geweet dat ...... 11

Papegaaisiekte (Psittakose) ...... 12

Besonderhede oor Dierkundige Vereniging ...... 13


Alle fotos in hierdie blad deur Dick Wolff tensy anders vermeld.

*ZOÖN: (afgelei van die Grieks zōion = dier; verwant aan Gr. zoë = lewe) 'n dier, 'n lewende wese.



RENOSTERS IN LOSKOP-RESERVAAT

# DIE VERSPREIDING EN GETALSTERKTE VAN DIE WITRENOSTER (*Ceratotherium simus* Burchell) EN SWARTRENOSTER (*Diceros bicornis* Linnaeus) IN SUIDELIKE AFRIKA

D. J. BRAND

**Direkteur, Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, Pretoria**

## DIE WITRENOSTER

### Geskiedenis en Verspreiding

Die Witrenoster, ook bekend as die Breëliprenoster was oorspronklik dwarsoor Suidelike Afrika versprei. Hierdie diere het van Namakwaland in die Weste tot Zululand in die Ooste en van die Oranjerivier in die Suide tot die Zambesi in die Noorde voorgekom.

Van die eerste ontdekkingsreisigers het in hulle berigte melding gemaak van die groot getalle Witrenosters wat hulle in Namakwaland, die distrikte van Gobabis, Usakos en Grootfontein gesien het (Shortridge, 1939). Die Witrenoster het blykbaar alreeds in 1884 heeltemal uit hierdie kontrei verdwyn.

In Angola is groot getalle Witrenosters op albei oewers van die Okavangorivier opgemerk (Wilhelm, 1933). Volgens Shortridge (1934) was hulle nog in 1870 volop, maar sedertdien het hulle heeltemal verdwyn.

In sy berigte vermeld Burchell die groot getalle Witrenosters wat hy in 1811 in Betsjoeanaland aangetref het. Die diere was so volop dat in 1850 en 1854 ontdekkingsreisigers nog vermeld het dat hulle tot 60 renosters in een seisoen geskiet het, soms selfs agt by een watergat op 'n aand. Volgens Selous (1891) kom dit voor asof die laaste Witrenosters om en by 1880 in hierdie omgewing geskiet is.

In Suid-Rhodesië en veral in Mashonaland en Matabeleland was Witrenosters in 1872 nog volop. Sedert 1884 het hulle getalle egter geleidelik verminder, veral weens die groot vraag na hul horings. Volgens Selous het een handelaar aan meer as 400 Bantoejagters vuurwapens verskaf om renosters mee te skiet. Van 1892 tot 1895 is feitlik al die renosters in die omgewing van Salisbury tot by die Zambesi uitgeskiet en daar het maar net omtrent twaalf hierdie slagting oorleef (Selous, 1899).

In die noordwestelike Transvaal het Harris (1839) groot getalle Witrenosters teëgekom. In 1836 het hy op 'n dagreis tagtig van die diere in die omgewing van die Magaliesberge aangetref en in die vallei van die Limpoporivier het hy twee-en-twintig oor 'n afstand van 'n halfmyl raakgeloop. Teen 1849 het hulle getalle egter aansienlik gekwyn (Selous, 1881). Volgens berigte van dieselfde skrywer blyk dit dat die laaste breëliprenosters in Wes-Afrika in 1884 geskiet is.

In 1871 was Witrenosters nog volop in sekere gebiede van die oostelike en suid-oostelike Transvaal. Vyftig jaar na Harris se berigte is duisende van die diere deur blanke sowel as Bantoejagters vankant gemaak, sodat die Witrenoster heeltemal uit die Transvaal verdwyn het. Dit is slegs in Natal waar daar nog 'n paar van hierdie diere oorgebly het. In 1894 is 'n aantal Witrenosters opgemerk. (Selous soos aangehaal deur Bryden 1899). Hierdie streek is toe tot 'n wildreservaat verklaar — die huidige Umfolosi-reservaat. Vaughan-Kirby (1920) skryf hieroor soos volg:

„Van hierdie suidelike Breëlip-subspesie is daar nog slegs sowat twintig oor op aarde. Hulle is tot die Umfolosi-reservaat beperk. Hulle was en verkeer nog steeds in groot gevaar om uitgewis te word, veral deur die boere van aangrensende plase, aangesien sommige van hulle teen die teenwoordigheid van hierdie diere gekant is, omdat hulle aan hierdie en ander diere se aanwesigheid die voortgesette bedreiging deur die Tsetsevlieg toeskryf."

Sedertdien is die Tsetsevliegplaag egter heeltemal uitgeskakel en deur die streng beheermaatreëls van die Parkeraad van Natal het die getalle van die Witrenoster gestadig aangegroei sodat hulle in 1933 op 200 diere te staan gekom het. (Jaarverslag 1933, H. B. Potter). In 1935 was daar tussen 250 en 300 Witrenosters. Die getal Witrenosters het sedertdien van jaar tot jaar gestadig gegroei sodat ons vandag oor om en by die 1000 eksemplare in verskillende dele van die wêreld beskik.

**Huidige status en Verspreiding:**

Tot ongeveer drie jaar gelede was die Witrenoster, behalwe vir die drie diere in die Nasionale Dieretuin te Pretoria, beperk tot die wildreservate in Natal. Aangesien die parke in Natal oorbevolk begin raak het, is daar besluit om oortollige diere aan ander natuurreservate en erkende dieretuine met geskikte huisvesting beskikbaar te stel. Die huidige verspreiding van die spesie is tans soos volg:

**Die parke in Natal:**

Ndumu - 18; Hluhluwe - 3; "The Corridor" - 40; Umfolosi - 730; Staatsgrond aangrensend aan die Umfolosipark - 40; Totaal: 881. Die beraamde jaarlikse aanwas - 81 kalwers.

Nasionale Krugerwildtuin - 64; Loskop-Natuurreservaat - 9 (een kalf is hier gebore); Krugersdorpse Natuurreservaat - 4; Willem Pretorius-Natuurreservaat - 4; Noord-Rhodesië - 4; Suid-Rhodesië - 8; Pretoriase Dieretuin - 3.

Aan buitelandse dieretuine en parke is die volgende getalle diere uit Natal versend:

Twee elk aan Berlyn, Oklahoma, Rotterdam, Arizona, San Francisco, Chester, Whipsnade, Brookfield, Chicago, San Diego, Gaitskill Wild Life Farm, Bronx, Alberta Game Farm (Kanada); drie aan Milwaukee (V.S.A.).

Ek is seker daarvan dat weens die baie doeltreffende beheermaatreëls van die Parkeraad van Natal en deur die onlangse hervestiging van Witrenosters in die Krugerwildtuin, waar hierdie diere eers in groot getalle voorgekom het, die gevaar van 'n totale uitwissing van die Witrenoster nou nie meer bestaan nie.

## DIE SWARTRENOSTER

**Geskiedenis en Verspreiding**

Die verspreiding van die Swartrenoster was van die Kaap tot by Somalië, Abessinië, die Sudan en die droër dele van Sentraal- en Wes-Afrika. Hierdie diere is vir die eerste keer in 1653 deur blankes naby Kaapstad aangetref waar daar vroeër groot getalle van hulle voorgekom het. Hulle was volop in al vier die provinsies van die huidige Republiek van Suid-Afrika. Hulle het in 1853 uit die Kaapprovinsie en Oranje-Vrystaat verdwyn (Lydekker, 1926). In 1910 was daar nog 'n aantal oor in die Krugerwildtuin (Stevenson-Hamilton, 1910). Sedertdien het hulle egter ook in Suid-Afrika behalwe in Suidwes-Afrika en Natal verdwyn.

In 1934 berig Shortridge dat daar ongeveer

40-80 Swartrenosters in Suidwes-Afrika oorgebly het en dat daar nog volgens berekening ongeveer 85 in die Hluhluwe-Reservaat, en 'n paar diere in die Umfolosi-Reservaat was.

**Huidige getalsterkte en Verspreiding**

In Suid-Afrika was die Swartrenoster vir 'n hele aantal jare slegs in Natal te sien.

Drie jaar gelede het die Nasionale Parkeraad drie pare in die Addo-Wildtuin in die Kaapprovinsie hervestig. Sedertdien het twee koeie gekalf.

Die getalsterkte en verspreiding van die Swartrenoster in Suid-Afrika is tans soos volg:

**Natalse Parke:**

Ndumu - 2; Mkuzi - 20; Hluhluwe - 300; Umfolosi - 80.

**Addo-Wildtuin** - 6; **Nasionale Dieretuin, Pretoria** - 2; **Suidwes-Afrika,** Etosha - 54; Kaokoveld - 58; Op plase - 23. In Natal beloop die verwagte jaarlikse aanwas ongeveer 20 kalwers per jaar.


**Algemeen**


Vir die horings van die Swartrenoster, wat gesog is as liefdesmiddel, word fabelagtige pryse betaal en talle van hierdie diere word nog onwettig vir hierdie doel in baie gebiede van Afrika gejag. Slegs deur streng maatreëls toe te pas kan hierdie diersoort bewaar word.

In Suid-Afrika is die posisie tans weer gunstig veral weens die besondere streng maatreëls wat deur die Parkeraad van Natal toegepas word. Die Nasionale Parkeraad oorweeg dit tans om weer Swartrenosters in die Nasionale Krugerwildtuin te hervestig. Die hervestiging van Swartrenosters in laasgenoemde wildtuin wat ongeveer 7340 vk. myl beslaan, sal 'n belangrike bydrae wees tot die beskermings- en bewaringsprogram van die Swartrenoster.

# DIERETUINBABAS

**NJALA-GROEP MET LAM**






**THOMSON SE GASÉL**

DIE TROTSE PA EN SEUN

DIE SEEKOEITJIE WAT IN DIE DIERETUIN GEBORE IS






←

**LEL-KRAAN-VOËL**

'N BESONDERE PRESTASIE IS BEHAAL MET DIE GEBOORTE VAN DIE KLEINTJIE NADAT DIE MA TWEE-EN-VEERTIG DAE GEDULDIG GESIT EN BROEI HET



GEMSBOKKALWERS
(*ORYX GAZELLA* LINN)
ONS HET 'N GOEIE SEISOEN GEHAD — AL DIE KOEIE HET GEKALF

# DIE ROL VAN DIE DIERETUIN IN DIE MODERNE SAMELEWING

deur A. KIRSIPUU

Hoekom het ons dieretuine en hoekom gaan die mense soontoe? By sommige mense wek die dieretuin waarskynlik jeugherinneringe aan Sondagmiddae toe pa en ma vir hulle geneem het om na apies te kyk (wat gewoonlik die gewildste vertoonde diere is), om op die dieretuin se olifant, kameel of ponie te ry en om na hartelus roomys te smul. Dit is die dieretuin gesien uit die kind se perspektief. Die ouers aan die ander kant onthou seker hulle dieretuinbesoeke as 'n soort beproewing vir hulle senuwees en die eed wat hulle hoeveel keer geneem het om nooit weer soontoe te gaan nie omdat kleinboet en kleinsus kort-kort oor die heinings wou klouter, hulle hande deur die tralies van koue met gevaarlike diere wou steek en, les bes, in die visvywer beland het, wat nog te sê van uitgawes van roomys en ander verversings. En tog gaan die ouers keer op keer weer. Die gewildheid van 'n dieretuin is dus toe te skryf aan die gesonde vermaak wat dit bied teen 'n prys wat alle lede van die gemeenskap kan bekostig. Ook skep dit 'n unieke geleentheid om wilde diere van naby dop te hou. Maar vervul wildreservate (en ons land is ryklik bedeel daarmee) dan nie dieselfde funksie nie, en selfs beter, aangesien 'n mens die wilde diere in hulle natuurlike omgewing te sien kry? 'n Mens moet egter nie vergeet nie dat jy in ons reservate net na ons inheemse wild kan kyk, dat dit ook

baie van geluk afhang wat jy sien en dat, om deur een van ons reservate te toer, heelwat duurder is as om die dieretuin te besoek. Die dieretuin se tweede waardevolle funksie is dus om as goedkoop opvoedingsmiddel te dien. Dit is dan sy twee hooffunksies gesien uit die perspektief van die merendeel van die besoekers.

As ons die dieretuin in sy wyer geskiedkundige verband beskou, kom ons agter dat dit inderdaad een van die oudste institusies van die beskawing is, in sy universaliteit vergelykbaar met die skool en die mark. Benewens die twee basiese motiewe wat ek reeds genoem het — die mens se soeke na kennis van die diereryk en sy behoefte aan vermaak — moet daar ander wees wat netso algemeen is. Ek sou sy liefde vir die seldsame en die eksotiese byvoeg — noem dit sy drang om te versamel soos by 'n posseëlversamelaar, — dan ook sy strewe na prestige en sy drang om hom esteties te bevredig deur die diere dop te hou. 'n Wêreldgeskiedenis van die dieretuin sal aan die lig bring dat dit nie soseer die dieretuin as institusie is wat verander het nie, maar dat daar 'n betekenisvolle verandering in sy rol gekom het, 'n verandering wat 'n mens op sy beurt kan vertolk as 'n weerspieëling van veranderinge in die menslike samelewing en in die mens se eie omgewing.

Die vroegste prototipes van die moderne dieretuin vind ons by die ou beskawings van Egipte, Sjina en Mesopotamië: die „Tuin van Akklimatisering" van keiserin Hatasoe gedurende die regering van die 18de Faraodinastie (van plus minus 1520-1363 v.C.) van wie ook bekend is dat sy die eerste ekspedisie om wilde diere te vang, georganiseer het; die „Tuin van Inligting" van koning Wen van Sjina, die eerste koning van die Tsjoudinastie (in die vroeë 12de eeu v.C.) — en die van Asjoer Akbar, een van die vroeë konings van Ninevé (die geskiedenis van Ninevé gaan terug tot 3,000 v.C) wat glo beveel het dat elke dier met 'n naambord geïdentifiseer moes word.

Van die Romeinse keiser Octavius Augustus (29 v.C.) word vertel dat hy 'n amateurbioloog was en 'n versameling van 420 tiers, 260 leeus, 600 Afrikaanse diere insluitende jagluiperds, panters en ander vleisvretendes, 1 renoster, 1 seekoei, etlike robbe, bere, olifante en arende, 36 krokodille en „een slang 25 meter lank" aangehou het. Nogal 'n aardige versameling, selfs volgens ons huidige maatstawwe.

Gedurende die Middeleeue het die koningshuise die tradisie om diereversamelings aan te hou, voortgesit. Vir hulle wat dit ook 'n prestigesimbool, soos byvoorbeeld Hendrik I (1100 - 1135 n.C.) se diereversameling te Woodstock, Oxfordshire, en die wonderlike versameling van die Mongoolse keiser Koebilai Chan (1260 n.C.) oor wie die beroemde Venesiaanse reisiger Marco Polo in die Weste kom berig het.

Dit is betekenisvol dat dit in een van die Italiaanse stadstate, Florence was, waar 'n dieretuin waarskynlik vir die eerste keer deur die burgerlike owerheid in stand gehou is. Van die daaropvolgende Renaisance-tydperk tot die 18de eeu is dieretuine hoofsaaklik deur die heersende adel in stand gehou, en dis eers sedert die middel van die 18de eeu dat die wêreld se grootste dieretuine vir die genot van die breë publiek aangelê is. Hulle het dikwels gebruik gemaak van die reeds beskikbare diere in die koninklike diereversamelings soos, onder andere, die dieretuin in Wenen (Schönbrunn) wat glo die oudste „moderne" dieretuin is en 1752 gestig is, en die **Jardin des Plantes** in Parys (1793).

Vandag is daar sowat 400 dieretuine in die wêreld waarvan die helfte in die V.S.A. is. Die moderne stadsowerheid of die staat het die plek van die koninklike beskermhere van die oudheid, die Middeleeue, die Renaissance en die tydperk van absolutisme ingeneem. Die fondse vir die instandhouding van die moderne dieretuin word nou hoofsaaklik deur die belastingbetaler voorsien, en die rol van die maecenas van ouds word deesdae dikwels vervul deur die „adel" van die handel en nywerheid vir wie dit 'n saak van eer is om hulle plaaslike dieretuine met ruim donasies aan te help, donasies waaraan daar natuurlik ook 'n bietjie publisiteitswaarde kleef omdat dieretuine deur so baie mense besoek word.

Ons kan dus duidelik sien dat daar 'n verrassende kontinuïteit in die ontwikkeling van die diereversameling van ouds tot die moderne stedelike dieretuin was. Ook is dit interessant dat die dieretuin wesenlik 'n stedelike institusie is en dat 'n minimum bevolkingsdigtheid vir die totstandkoming van 'n dieretuin noodsaaklik is. „Vertoning" veronderstel „toeskouers", netsoos by die toneel.

Die motiewe wat ons reeds genoem het, is geensins die enigste vir die instandhouding van 'n dieretuin nie. Die dieretuin is deesdae 'n belangrike faktor by stadsbeplanning want hy verskaf „groen kolle" in ons oorbeboude stadsgebiede. Hy dien ook as park waar 'n mens van die gejaagde stadslewe kan ontvlug. Vir dié groot aantal woonstelbewoners wat nie troeteldiere mag aanhou nie, of wat nie familie op die plaas het nie of wat nie in staat is om die wildreservate te besoek nie, is die dieretuin vandag haas die enigste plek waar hulle **'n dier** te sien kry. Min mense besef hoe die mens al van die natuur ver-

vreemd geraak het. Dis treurig maar waar.

Een voordeel van 'n dieretuin is dat hy diere van oor die hele wêreld kan ten toon stel en so die verband kan toon tussen verwante genera wat normaalweg nie in die natuur saam gesien word nie, soos die vernaamste verteenwoordigers van die katfamilie, die verskillende antiloopsoorte, die wêreld se primate, en so meer. Ook kan 'n dieretuin die ekologiese verhouding tussen diere en hulle omgewing wys, soos byvoorbeeld die diere van die woestyn, die woud, die grasvlaktes en selfs die see. Sommige dieretuine sluit ook 'n akwarium in, selfs ook 'n terrarium en 'n insektarium waar waterdiere, visse, reptiele of insekte vertoon word. So kan 'n mens die dieretuin beskou as 'n lewende ensiklopedie van die diereryk.

Nog 'n belangrike funksie van die moderne dieretuin is om as bewaringsoord te dien vir diersoorte wat al amper uitgewis is; ongelukkig verskyn daar deesdae al hoe meer diersoorte op die uitsterflys. Die min bekende Père David-Takbok kom inderdaad nie meer in sy ware woongebied Suid-Sjina voor nie. Hy oorleef in dieretuine in verskeie dele van die wêreld wat elk 'n klompie eksemplare aanhou. Die Pretoriase Nasionale Dieretuin kan homself gelukkig ag dat hy ook 'n paar van hierdie seldsame diere besit. Dieselfde geld vir diere soos die Wisent (die Europese variëteit van die Amerikaanse Bison) en die Przewalski-perd ('n Asiatiese wildeperd) en ongelukkig sal 'n mens binnekort met dieselfde probleem te kampe hê in die geval van die gorilla, die orang-oetang, verskillende soorte renosters, die Arabiese wit gemsbok (verwant aan ons gemsbok) en die reuse swartwitpens van Angola, om net 'n paar te noem. Daar rus beslis 'n groot verantwoordelikheid op die dieretuin om sulke bedreigde diersoorte te bewaar. Geen ander institusie is beter daarvoor geskik om hierdie taak op hom te neem nie.

Deur 'n sorgvuldig beplande aanteelbeleid te volg, het baie dieretuine wel reeds daarin geslaag om sommige diersoorte vir die nageslag te red. Hiervoor moet daar natuurlik goed opgeleide personeel wat bioloë, veeartse en diervoedingsdeskundiges insluit, beskikbaar wees, asook duur inrigtings soos 'n dierehospitaal met moderne geriewe, laboratoriumfasiliteite en die vermoë om geskikte huisvesting te verskaf vir 'n groot verskeidenheid diere wat in die uiteenlopendste klimaatstoestande aard en van die uiteenlopendste diëte lewe. Hier kom ons nou by wat miskien die moderne dieretuin se belangrikste rol is, naamlik om 'n navorsingstasie te wees waar alle aspekte van dieregedrag bestudeer kan word en die navorsingsresultate tot voordeel van dieretuine elders in die wêreld gepubliseer kan word. Ook in hierdie opsig en veral in 'n land soos Suid-Afrika is die dieretuin 'n belangrike skakel met die navorsing wat ons wildreservate en wildbewaringsdepartemente doen. Die dieretuin behoort eweneens toegerus te wees om lesings te kan hou, rolprente te vertoon en tentoonstellings te reël; daardeur vervul hy sy opvoedkundige funksie en gee sodoende 'n stoot aan ons wildbewaringsveldtog waardeur die publiek bewus gemaak word van sy verantwoordelikheid teenoor die natuur in die algemeen en ons land se wild in die besonder.


# NUWE ONTWIKKELINGS



FLAMINKE BY HOOFINGANG

D. J. Brand

(Foto. Nas. Dieretuin)




NUWE HOK VIR STELTVOËLS

# ALBINO'S EN ALBINISME

A. C. VAN BRUGGEN
**Museum van Natal, Pietermaritzburg**

Vir baie eeue al is die mens se belangstelling vir natuurfratse in die dierewêreld groter as vir die normale diere en dit geld veral vir kleurafwykings. Hierdie kleurafwykings van die normale kleur is gewoonlik toe te skryf aan 'n oormaat swart kleurstof wat ons melanisme noem of aan die afwesigheid van kleurstof wat ons albinisme noem.

Die afwesigheid van kleurstofpigment openbaar hom in hare, naels, hoewe ens. en gevolglik ook in die kenmerkende kleurpatroon van die diere. By diere soos olifante, renosters en seekoeie wat baie min hare het, gewaar ons 'n kleurlose vel waar die rooi bloedselle duidelik sigbaar word — die dier lyk dan pienk of rooskleurig na gelang van die dikte van die vel. Die spreekwoordelike wit olifante van Siam (Thailand) het gewoon-



BLOUAAP ALBINO
*(CERCOPITHECUS AETHIOPS LINN)*

lik 'n baie liggrys kleur. Ofskoon die meeste mense 'n wit vark ken, het albinoseekoeie 'n aardige voorkoms. Hierdie besondere skaars dier is nog slegs 'n paar keer opgemerk in die natuur. 'n Waarnemer in Oos-Afrika het hulle beskryf as vreeslike pienk voorwerpe wat „kaal en gekook" voorgekom het, terwyl ander weer gepraat het van 'n „arbeitert"-voorkoms en dat hulle soos reuse wit varke lyk.

Gedeeltelike albinisme kom meer dikwels voor as volkome albinisme. 'n Bekende voorbeeld is die witkop Klipspringer in die Tshokwane-omgewing in die Krugerwildtuin.

Die verskynsel van albino's is goed bekend by voëls. Jare gelede het 'n vriend van die skrywer 'n swartkraai aangehou wat gedeeltelik wit was en wat met elke verveer 'n ander kleurpatroon aangeneem het.

Die beroemde wit tiers van die Maharadjah van Rewa (Indië) waarvan 'n paar diere tans ook in Indiese, Amerikaanse en Britse dieretuine te sien is, dien ook as voorbeelde van gedeeltelike albinisme. Die geel kleur het hier heeltemal verdof en die tier is wit met donkerbruin strepe.

Die kleur van die nakomelinge van sommige albino's is die van die normale diere. Die albino blouaapmannetjie en 'n normaal gekleurde wyfie in die Pretoriase Dieretuin se nageslag het die normale kleur gehad, terwyl ander weer normaal gekleurdes asook albino's voortgebring het. In die natuur leef die albino's maar swaar en is gewoonlik nie goed aangepas nie, veral omdat hulle so opsigtelik is en maklik aan roofdiere ten prooi val. Hulle oë ly ook besonder baie aan sonbrand.


# NUWELINGE

DWERGMUISHONDJIE (*Helogale parvula parvula*)





DWERGSEEKOEI



KAAPSE SEELEEU

# NUWELINGE

Die dieretuin het die volgende diere bekom:

2 Gevlekte Hiënas; 4 Bruin Hiënas; 2 Geel-poot-Eekhorings; 2 Kaapse Springhase; 1 Dwergseekoei; Silwerjakkalse; 2 Bosbokke; 1 Sitatunga; 3 Indiese Olifante; 4 Rooi Hartebeeste; 2 Tierboskatte; 1 Swartvoetkat; 3 Muskejaatkatte; 4 Rooibokke; 2 Kangaroes; 2 Orang-Oetangs; 2 Gorillas; 1 Rooikat; 12 Blesbokke; 2 Luiperdjies; 2 „Chipmunks"; 6 Vlieënde Eekhorings.

**Voëls:** 6 Kwêvoëls; 9 Rooiwang-parkiete; 1 Gekroonde Neushoringvoël; 6 Wit Pelikane; Rooibekboskraaie; 2 Goue Arende; 2 Indiese Neushoringvoëls; 4 Dwergganse.

**Reptiele:** 2 Japanse Salamanders; 1 Koningpofadder.

---

# OU VETERAAN OORLEDE


Die oudste inwoner van die Dieretuin, naamlik 'n Kondor, is onlangs dood. Hierdie merkwaardige voël verkeer al sedert 29 Januarie 1904 in die dieretuin, d.w.s. vir die afgelope 60 jaar.

Die Kondor is 'n soort aasvoël en sy tuiste is die Andes-bergreeks in Suid-Amerika. Hierdie voëlsoort is saam met die Albatros die grootste van die vlieënde voëls in die wêreld en sy vlerkspan strek tot 10 voet en meer.

Dit is nogal interessant dat hierdie ou Kondor vier direkteure van die dieretuin sien kom en gaan het in sy leeftyd.

# HET U GEWEET DAT:


1. daar ongeveer 300 soorte roofvoëls bebestaan waarvan nagenoeg 68 in Suid-Afrika voorkom?
2. hierdie voëlgroep oor feitlik die hele wêreld versprei is met uitsondering van die Suidpoolstreke en sommige eilande in die Stille Oseaan?
3. hulle 'n belangrike rol speel by die voorkoming van siektes deurdat hulle aas en ander moontlike bronne van infeksie verwyder?
4. dat hierdie voëlsoort behoue behoort te bly omdat hulle die natuurlike vyande is van dassies en ander skadelike diersoorte?
5. die lewendige voëls en diere wat hierdie roofvoëls ten prooi val, meestal oud en sieklik is en dat die verspreiding van siektes hierdeur gekeer word?
6. die byna ongelooflike waarnemingsvermoë van hierdie voëls toe te skryf is aan die teenwoordigheid van twee fovae in elke oog inplaas van een soos by die mens. Dit gee vir hulle as 't ware die sienvermoë van 'n verkyker waardeur hulle voorwerpe op 'n lang afstand kan raaksien.
7. die reuksin van aasvoëls maar 'n onbelangrike rol speel in hulle soeke na aas en dat hierdie voëls met behulp van kunsaas aangelok kan word?
8. die Amerikaanse aasvoëls geen **syrinx** en gevolglik ook geen stem besit nie?
9. die maksimum vlerkspan van die Amerikaanse Kondor tot ongeveer 12 voet strek en dat sommige uitgestorwe soorte uit die pleistoseen 'n vlerkspan van 18 voet gehad het?
10. die Indiese Griffioen-aasvoëls dikwels by brandstapels gesien kan word waar hy op die menslike oorblyfsels aas?
11. die Lammergeier wat 'n voorliefde vir beenmurg en skilpaaie het, sy prooi en bene uit die hoogte op rotse te pletter laat val?
12. die Heuningvalk, pleks om sy eie nes te bou dikwels kraaineste oorneem?
13. pas uitgebroeide roofvoëls feitlik heeltemal blind is en dat sommige soorte eers na sowat 4 maande die nes verlaat?
14. die besit van Spiesvalke, Trekvalke en Toringvalke tot 'n paar honderd jaar gelede volgens wet tot die adel en hooggeplaaste geestelikes beperk was?
15. fossieloorblyfsels van Nuwewêreldse aasvoëls bewys dat hierdie voëls ook sowat 50 miljoen jaar gelede gedurende die eoseen in die Ou Wêreld voorgekom het?
16. die Kaliforniese Kondor feitlik uitgesterf het as gevolg van die onoordeelkundige gebruik van strignien vir die bestryding van wolwe en coyotes?
17. valke dikwels langs hoofweë sit en rondkyk vir diere wat deur verbygaande motors raakgery word?
18. die Dwergvalkie van die Filippyne, die kleinste van alle valke, maar 6 duim in lengte is?
19. daar vasgestel is dat die Trekvalk teen 'n snelheid van 175 m.p.u. op sy prooi kan afduik?
20. dat die Japanners al in die vierde eeu voor Christus met valke gejag het?



**KONDOR**

(Foto R. Bigalke)

**Woon in die Dieretuin sedert Januarie 1904 tot Mei 1964**



KAKETOE

# PSITTAKOSE

## 'N SIEKTE IN DIE PAPEGAAIFAMILIE

E. YOUNG, Dierearts, Nas. Dieretuin, Pretoria

Reeds in 1879 is 'n geval van „longontsteking" in Switzerland in verband gebring met tropiese voëls wat deur 'n gesin as troeteldiere aangehou is. Daar is sedertdien vasgestel dat die mens vatbaar is vir en selfs soms mag sterf aan 'n siekte waarvan ongeveer 31 soorte voëls die draers kan wees. Afgesien van die papegaaifamilie kan ander voëls soos duiwe, kalkoene ens. ook die sogenaamde „papegaaisiekte" oordra. Oordraging van die siekte geskied deur verspreiding deur die lug oor kort afstande van besmette stof, speekseldruppels ens. Die goue reëls wat u moet volg is: Moenie u troeteldiere soen nie; vermy dat kinders in die waterbakke van die voëls mors en hou gesonde diere aan. Die staat tref streng voorsorgmaatreëls om die invoer van besmette voëls te verhoed.

In die volgende uitgawes van „Zoön" sal verdere kort artikels oor ander siektes verskyn, wat deur diere op die mens oorgedra kan word. Dit is nie die doel van hierdie kort bespreking om u af te skrik om troeteldiere aan te hou nie—ons wil u slegs aanraai om gesonde diere aan te hou.

# BESONDERHEDE OOR DIERKUNDIGE VERENIGING

## LIDMAATSKAP EN LEDEGELDE

Lede van die publiek kan by die Vereniging aansluit as:

(a) Weldoeners — R1.00

(b) Lewenslange Lede — R20.00

(c) Gesinslede — R4.00 per jaar

(d) Junior Lede (persone onder 18 jaar) — R1.00 per jaar.

Vir die nodige aansoekvorms skryf aan: Die Direkteur, Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, Posbus 754, Pretoria.

## VOORREGTE VAN LEDE

(a) Vrye toegang: Daar is geen beperking op die aantal besoeke wat afgelê word nie, maar die lidmaatskapkaart moet by elke besoek getoon word.

(b) Gratis eksemplare van ons tydskrif, Zoön.

(c) 'n Gratis gidsboek aan nuwe lede.

(d) 'n Gratis retoerrit op die „Laurie Ham-Ekspres" na die nuwe uitbreiding Noord van die Apiesrivier by elke besoek aan die dieretuin. In die geval van weldoeners, lewenslange lede en gesinslede deel lede van die gesin hierdie voorreg.

## DANKBETUIGINGS

Pepsi-Cola het goedgunstiglik aangebied om die koste van die vervaardiging van drukkersblokke te dra.

Ons is veel dank verskuldig aan lede van die Dierkundige Vereniging wat deur hulle aktiewe ondersteuning hierdie uitgawe van ons kwartaalblad moontlik gemaak het.